## *OPENINGSREDE VAN DIE PRESIDENT AAN DIE 35 STE KONGRES VAN DIE SUID – AFRKAANSE WOONWA ASSOSIASIE OP 15 OKTOBER 2011 TE BUFFELSPOORT.*

Mnr.die Voorsitter, Dagbestuurslede , Gebiedbestuurvoorsitters, Streek afgevaardigdes, Gaste en ander Sawa belangstellendes.

Vandag se Kongres gaan in Sawa se geskiedenis opgeteken word as die Kongres waar ons baie belangrike besluite moes neem.
Soos u almal bewus is moet ons vandag indringend kyk na Sawa se Grondwet asook Sawa se bestuurstukture.
Voordat ons hierdie besluite neem moet ons, ons self afvra of dit in belang van Sawa in die algemeen is en hoe raak dit ons lid op streek vlak.
Ek noem dit spesifiek omdat na my mening Sawa se belangrikste bestuurstruktuur juis daar op streekvlak is. Dit is waar ons gewone lid Sawa die meeste ervaar.
Daarom is dit belangrik as ons vandag hierdie besluite neem om altyd in ag te neem of die besluit wat ons neem in belang van ons gewone lid op streekvlak is.

Sawa en ons lede is deel van die groter Suid-Afrikaanse ekonomie en ons sal hierdie jaar baie ernstig, veral op streekvlak moet besin hoe gaan ons die uitdagings wat vir ons voorlê hanteer, en watse planne gaan ons maak om dit vir ons lede steeds moontlik te maak om ons saamtrekke en aktiwiteite by te woon.
Ek wil dus vandag 'n paar van hierdie uitdagings in die midde van ons streekbesture lê.

## *WOONWAPARK TARIEWE .*

Ons as woonwagebruikers word toenemend gekonfronteer met stygende tariewe by die woonwaparke waar ons besoek aflê.
Hierdie aspek is seker een van die belangrikste knelpunte waaraan ons streekbesture hierdie jaar aandag aan sal moet gee.
Ek kan u almal vandag die versekering gee dat ons hierdie jaar hierdie verhogings toenemend gaan ervaar namate die verhoogde elektrisiteitstariewe beslag vind.
Ons streekbesture sal dus met woonwapark eienaars moet onderhandel oor saamtrek tariewe.

## *TOLHEK TARIEWE.*

U is almal bewus van die beoogde tolhek tariewe hier in Gauteng asook die gewone tolhekke waardeur ons moet reis oppad na ons saamtrekke. (party streeke is hierdie euwel natuurlik gespaar).
Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op ons streekbesture om hierdie aspek altyd in gedagte te hou as u saamtrekke reël.

## *PAD INFRASTRUKTUUR.*

Ons senior burgers het in Junie die voorreg gehad om 'n toer na die Wiltuin en Swadini te onderneem.

Van die paaie wat ons ervaar het oppad daarheen en terug is amper nie geskik om met 'n woonwa te gebruik nie.
Die agteruitgang van ons paaie struktuur speel dus 'n baie belangrike rol wanneer ons beplan om 'n sekere woonwapark te besoek.
Streekbesture sal dus toenemend hierop moet ag slaan aangesien toegangsroetes na ons woonwaparke beslis 'n rol sal speel in u beplanning.
Die koste van 'n woonwa as en die gepaardgaande skade is net te hoog om ons lede aan slegte paaie bloot te stel.

## *Hoë BRANDSTOFPRYSE.*

Hierdie euwel is beslis hier om te bly. Die dae van goedkoop brandstof is nou finaal verby en my voorspelling is dat dit in die toekoms nie gaan verbeter nie en dat ons maar verlief moet neem met 'n brandstofprys van ongeveer R10 per liter.
Hierdie uitgawe speel dus ook 'n belangrike rol in die beplanning van die bywoning van 'n saamtrek.
Die afstand wat die lid moet reis om by die saamtrek uit te kom gaan bepalend wees in die besluit of hulle die saamtrek gaan bywoon of nie.
Streekbesture sal hierdie aspek noukeurig moet oorweeg wanneer woonwaparke bespreek word vir 'n saamtrek.

## *FINANSIëLE OORWEGINGS.*

Ons lede se finansies speel beslis 'n rol wanneer 'n lid beplan om saamtrekke by te woon en streekbesture moet hierop bedag wees.
Agv. die finansiële posissie van baie van ons lede moet ons dit nie vreemd vind as 'n lid in die toekoms slegs elke tweede saamtrek gaan bywoon nie of dalk meer selektief beplan om saamtrekke by te woon.

By hierdie aspek sluit ek baie van ons senior burgers in.
Die nuutste ledeontleding toon dat Sawa se ledetal uit 32% senior burgers bestaan.
Streke met 'n groot komponent senior burgers sal met die beplanning van hul saamtrekke die kostes van saamtrekke in gedagte moet hou in belang van hul senior burgers.

Mnr. Die Voorsitter ek wil nie vandag 'n negatiewe prentjie vir ons organisasie skilder nie maar ek moet in belang van ons lede die genoemde uitdagings noem sodat ons besture pro-aktief kan optree om hierdie uitdagings die hoof te bied in belang van ons lede.

Ek is daarvan oortuig dat met behoorlike beplanning ons hierdie aspekte wat 'n rol speel in die beplanning van ons aktiwiteite die hoof kan bied om dit steeds moontlik te maak vir ons lede om saamtrekke te kan bywoon en om hul stokperdjie te kan geniet.

Die toekoms van Sawa is in die hande van ons besture , op streekvlak sowel as op nasionale vlak.
Daar rus op elke bestuurslid 'n groot verantwoordelikheid om die voortbestaan van ons geliefde organisasie te verseker en om altyd in belang van ons lede besluite te neem.

Mnr. die voorsitter ek wil afsluit om elke Sawa bestuurslid op elke vlak binne Sawa sterkte toe te wens met die taak wat veral hierdie jaar en in die toekoms vir u voorlê.
Ek het egter volle vertroue in ons besture en ek is seker dat almal sal verseker dat die toekoms en voortbestaan van ons organisasie gevestig sal bly.

Met hierdie woorde verklaar ek hierdie 35 ste Kongres van die Suid – Afrkanse Woonwa Assosiasie as ge-open.

Dankie,

**Nico Spaumer**

**President.**